



# Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster

13 Januarie 2025

## OUEROMSENBRIEF 1 VAN 2025

Beste JV-Ouers/-Voogde

Welkom terug by JV's in 2025! Ek hoop dat u geleentheid gehad het om gedurende die feesseisoen kwaliteittyd met u geliefdes deur te bring. Mag dié jaar vir u baie voorspoed en gesondheid inhou.

HTS John Vorster is reg vir groot dinge in die nuwe jaar. Die personeel sien met groot verwagting daarna uit om die leerders te ontvang en is gerat om alle uitdagings die hoof te bied. Op 15 Januarie begin ons volstoom werk met al die leerders by die skool - met 'n 100%-deelname aan akademie en sport- en kultuuraktiwiteite. In 2025 gaan ons voortbou op die suksesse van 2024!

### 1. MICROSOFT TEAMS EN D6

Alhoewel ons nog steeds met u per Whatsapp, e-pos en sms ook gaan kommunikeer, moet u asseblief kennis neem daarvan dat **Microsoft Teams (MT)** ons voorkeurmetode van kommunikasie met die **leerders** is. Daarom kan u reeds u kind se **klasrooster, klaslyste en toesigrooster vir 2025** op **13 Januarie** daarop kry. Ons voorkeurmetode van kommunikasie met **ouers** is die **Whatsapp-groepe** asook die **D6-toepassing**. U moet asb **SEKER MAAK** dat u by u kind(ers) se graad se whatsapp-groep aansluit en die D6-toepassing op u foon of rekenaar aflaa.

Die **ekstra klasse-rooster vir die gratis ekstra klasse van die natuurwetenskaplike vakke**, sal ook later op **MT** geplaas word. Hierdie dokumente gaan nie meer in harde kopie by die skool versprei word nie. Maak dit asseblief 'n prioriteit om weekliks op u kind se Microsoft Teams te gaan loer en seker te maak dat u kind wel die dokumente gekry het, asook die huiswerk wat daar verskyn, gedoen het.

### 2. HUISWERK

- Alhoewel die huiswerkbeleid uiters positiewe resultate in 2023 en 2024 teweeg gebring het en ons 100% oortuig daarvan is dat die leerders voordeel daaruit trek, het die Skoolbestuur in samewerking met die Beheerliggaam se Dissiplinekomitee 'n nuwe stelsel ontwikkel wat hand-aan-hand met die skool se Gedragskode loop.
- Hierdie stelsel behoort pligsversuim baie gouer te ondervang sodat ouers betyds in kennis gestel sal word daarvan.
- Die stelsel sal op die ouervergaderings deur die **Voorsitter van die Beheerliggaam se Dissiplinekomitee** met u bespreek word. Maak asb seker dat u die vergaderings

☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein, Pretoria, 0186

bywoon. Die onderskeie datums is reeds op die kalender op MT beskikbaar vir u beplanning en word ook later in die skrywe vermeld.


### 3. KALENDER

Alle skoolaktiwiteite is op die skoolkalender aangedui. Dit sluit in: **sportaktiwiteite, kultuuraktiwiteite, toets- en eksamenroosters**, ens. Natuurlik is die datums onderhewig aan veranderinge, maar waar moontlik, sal ons u op die hoogte hou. Die kalender sal op Microsoft Teams beskikbaar wees.

### 4. SKOOLFONDS

Baie dankie vir die skoolfonds wat u gedurende 2024 so getrou betaal het. Die skoolfonds vir 2025 is tydens die laaste ouervergadering as volg vasgestel:

#### 2025 Begroting: Skoolgelde 2025



Skoolgeld moet voor die **7de** van elke maand betaal word, dus moet Januarie se betaling reeds **voor 7 Januarie 2025** betaal word.

**Die skool se bankbesonderhede is as volg:** (Let daarop dat die skool se bankbesonderhede verander het.

REKENINGNAAM	HTS JOHN VORSTER
BANK	FNB
TAKKODE	251545
REKENINGNOMMER	63128801479
VERWYSINGSNOMMER	LEERDER SE TOELATINGSNOMMER

☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein, Pretoria, 0186

Die graad 9- en 10-rekeninge word deur me. **Ilza van Rensburg** hanteer. Haar e-posadres is: [finansies@htsjv.co.za](mailto:finansies@htsjv.co.za)

Die graad 8-, 11- en 12-rekeninge word deur me. **Eve Rebb** hanteer. Haar e-posadres is: [finansies02@htsjv.co.za](mailto:finansies02@htsjv.co.za)

**Me Eve Rebb hanteer ook hierdie jaar alle aansoeke vir- en aangeleenthede i.v.m. VRYSTELLINGS.**

**5. LEERDERVOORKOMS**

Ons begin 'n nuwe jaar en ons glo dat al ons leerders in 2025 net so netjies soos in die verlede gaan wees. Ons wil dan hiermee vra dat u en u kind u moet vergewis van die voorkoms-en kleredragreëls. Ons is baie trots op ons skooldrag en wil vra dat u, indien u 'n probleem ondervind om ons skooldrag in die hande te kry, ons dadelik in kennis sal stel daarvan. Ons wil asseblief vra dat u kind se voorkoms reeds op 15 Januarie 2025, 100% volgens die skoolreëls, reg sal wees.

Ons wil asseblief net weer u aandag op veral die volgende vestig:

**Harereëls pertinent vir seuns**

- a) Wanneer die kop regop gehou word, mag die nekhare nie nader as 'n vingerbreedte bokant die kraag hang nie.
- b) Wanneer die hare regaf gekam word, mag dit nie oor die ore hang nie.
- c) Hare mag nie van onder af opwaarts gekam word OF in enige styl gedra word wat veroorsaak dat dit punterig van die kop af wegstaan nie.
- d) Wangbaarde (wolwange) / "sidies" mag nie laer as die middel van die oor wees nie en mag nie a.g.v. die lengte daarvan, opkrul nie.
- e) Geen "steps" of "undercut" is toelaatbaar nie.
- f) *Daar mag geen duidelike lyn in die haarstyl wees nie.*
- g) Dik hare moet uitgedun word en nie in een lengte gesny word nie.
- h) Die verskil in haarlengtes van 'n seun se kop, mag nie met meer as twee sentimeter verskil nie en *daar mag ook nie 'n duidelike lyn verskyn nie.*
- i) Geen gekleurde hare van enige aard word toegelaat nie.
- j) Geen kort snit met 'n "klossie", kort snit met 'n lang kuif, "comb over" of "under cut" word toegelaat nie.
- k) Geen "man buns" en poniesterte is toelaatbaar nie.
- l) Geen patrone mag in die haarstyl bo of langs die kop gesny word nie.
- m) Slordige hare is ontoelaatbaar.
- n) Geen "mullet" mag gedra word nie. Die hare mag ook nie aan die agterkant van die kop 'n ster of 'n punt maak nie. Die hare aan die agterkant van die kop moet dieselfde lengte wees as die hare aan die kant van die kop.

**Harereëls pertinent vir dogters**

- a) Sodra hare aan die skouers raak, moet dit met die skoolkleurerekkie vasgemaak word.
- b) Alle los haarslierte moet te alle tye uit die gesig en agter vasgesteek wees.

☎ 012 332 1760 ✉ [info@htsjv.co.za](mailto:info@htsjv.co.za)

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein, Pretoria, 0186

- c) Geen lang slierte hare mag langs die gesig hang nie – dit moet vasgesteek wees.
- d) Geen modehaargoeters mag gedra word nie; slegs die spesifieke skoolrekkies, -knippies en -linte.
- e) Die kuif mag nie oor die wenkbroue of oë hang nie.
- f) Kort hare mag ook nie van onder af opwaarts gekam word OF in enige styl gedra word wat veroorsaak dat dit punterig van die kop af wegstaan nie.
- g) Hare mag onder geen omstandighede in verskillende kleure gekleur word nie.
- h) Slegs een NATUURLIKE kleur is aanvaarbaar. Sodra daar enige tekens van die oorspronklike haarkleur iewers wys – moet dit reggestel word.
- i) Geen ligstrepe (“high lights”) is toelaatbaar nie.
- j) Hare mag nie van onder af opwaarts gekam word OF in enige styl gedra word wat veroorsaak dat dit punterig van die kop af wegstaan nie.
- k) Enige haarstyl wat onnodig aandag trek, is ontoelaatbaar. Elke dogter se hare sal individueel beoordeel word.
- l) Geen uitspattige modegiere nie, bv. geen afgeskeerde hare in die nek of patrone/lyne langs die kop mag in die hare geskeer word nie.
- m) Slordige hare is ontoelaatbaar.

**Ongelukkig is dit so dat sekere ouers en leerders GLO dat hulle kinders uitgesluit van hierdie reëls is. Neem kennis dat wanneer u u kind by HTS John Vorster inskryf, u as ouer onderneem om die Gedragskode van die Skool te onderskryf en sal toesien dat u kind dit ook nakom.**

**Praat asb ook met u kind rakende die reëls i.v.m. die volgende sake wat in die SKOOL SE GEDRAGSKODE vervat is:**

- **ELEKTRONIESE TOESTELLE**

Geen elektroniese speletjies, elektroniese toerusting (uitgesonder selfone en tablette - wat algeheel verbied word) of draagbare en/of koordlose luidsprekers mag sonder vooraf toestemming van die hoof/adjunkhoofde skool toe gebring word nie.

Ons sien dat leerders ook met oorfone rondloop; dit is ongelukkig ook ontoelaatbaar en sal afgeneem word.

- **ROOK EN ASSOSIASIE MET ROOK**

Geen leerder mag op die skoolterrein/by 'n skoolaktiwiteit in sy/haar skoolklere, enigiets rook nie. Dit sluit e-sigarette/vapes, ens. in. 'n Leerder wat met rokers of rook geassosieer kan word, oortree dieselfde reël.

Ons sal ook leerders wat in 'n klas rook/vape, vir 'n paar dae huis toe stuur.

## **6. HANDBOEKE- EN SKRIFREËLINGS**

Vergewis u asseblief van die nodige skrifte per graad wat self deur die ouer/voog aangekoop moet word en reeds op 16 Januarie 2025 gereed en oorgetrek moet wees. Die skrifvoorskrifte is al elektronies aan u as ouer/voog deurgegee, maar u kind het dit ook in harde kopie saam met sy/haar rapport op 9 Desember 2024 ontvang.

☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein, Pretoria, 0186

Ek herinner u ook aan die **R300.00 handboekfooi** per leerder wat op u skoolrekening gaan verskyn. Hierdie fooi is nie 'n terugbetaalbare deposito nie en word slegs eenmalig per jaar gehef vir die gebruik van die handboeke. Die fooi sal op die skoolgeldrekening gehef word en is betaalbaar voor 28 Feb 2025. Hierdie fooi sal nie deel vorm van enige vrystellingsaansoek nie.

Dit is 'n besluit wat deur die BL tydens die laaste ouervergadering geneem is en verskyn ook so op die resolušie.

## 7. ONAFGEHAALDE RAPPORTE VAN 2024

Indien dit nie vir u of u kind moontlik was om sy/haar rapport aan die einde van verlede jaar te kom haal nie, kan hy/sy of die ouer/voog die rapport in die algemene kantoor vanaf 14 Januarie 2025, enige tyd tussen 08:00 en 13:00, gaan haal.

## 8. Matriekuitslae vir Gr. 12-2024

Matriekuitslae van matrieks 2024 is op 14 JANUARIE 2025, 8:30 – 10:00 in die algemene kantoor beskikbaar.

## 9. OUERVERGADERINGS

### 9.1 Matriekouers en -leerders

*Alle matriekleerders en matriekouers van 2025 neem asseblief kennis van 'n **VERPLIGTE vergadering op***

**20 Januarie om 18:00.** Maak asseblief seker dat u op hierdie datum beskikbaar is om 2025 reg te beplan, sodat elke leerder en ouer presies weet hoe om in hierdie matriekjaar suksesvol te wees.

### 9.2 GR.10- EN 11- OUERS EN -LEERDERS

*Neem asseblief kennis van 'n **VERPLIGTE vergadering op 22 Januarie om 18:00 in die skoolsaal.***

### 9.3 GR. 8-OUERS

*U word herinner aan die **VERPLIGTE ouervergadering op 14 Januarie om 17:45 vir 18:00 in die skoolsaal (slegs ouers), asook die ouerbraai om 19:00 op die rugbyveld (ouers en leerders).** Maak asb seker dat u vroeg genoeg by die huis ry-toegang tot die terrein kan lank neem en alle vergaderings by HTS John Vorster begin stiptelik op die gegewe tyd.*

### 9.4 GR. 9-OUERS EN -LEERDERS

*Neem asseblief kennis van 'n **VERPLIGTE vergadering op 3 Februarie om 18:00 in die skoolsaal.***

## 10. ATLETIEKINTERHUIS

Op 21 Januarie 2025 vind ons amptelike atletiek-interhuisbyeenkoms plaas. Die programtye strek vanaf 08:00 tot 16:00. **GEEN LEERDERS MAG DIÉ DAG AFWESIG WEES OF UITGETEKEN WORD NIE.** Alle leerders moet asseblief deelneem aan soveel as moontlik items. Leerders gaan in verskillende sporthuise - wat op dié dag met mekaar sal kompeteer - ingedeel word. Leerders moet asseblief die volgende vir die dag saambring:

- sonskerm;
- hoed;

☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein, Pretoria, 0186

- waterbottel;
- geldjies vir snoepie.

Tydens die atletiek-interhuis is die ouers welkom om hulle kinders te kom ondersteun. Die volgende reëlins sal geld:

- parkering op die D-rugbyveld langs die netbalbane;
- eie stoele en gazebo's moet gebring word om bo-op, vanaf die walle te ondersteun;
- ons snoepie en kosstalletjies moet asb. ondersteun word;
- die toilette langs die lapa is vir ondersteuners se gebruik beskikbaar; en
- geen ouer sal op die veld en/of baan toegelaat word nie.

### 11. SWEMINTERHUIS

**Alle munisipale swembaddens is tans toe is tot verder kennisgewing. Sodra ons enige kennisgewing in die verband ontvang sal ons u dadelik in kennis stel van enige veranderinge in die program. Tot op hede is daar nog geen uitklaring van wat die stadsraad of die ligabestuur se planne is om die skole te akkommodeer nie.**

Die huidige beplanning is dat die sweminterhuis op 17 Januarie 2025 sal plaasvind.

### 12. VRYDAGDRAG

Neem asseblief ook kennis dat die Beheerliggaam die besluit geneem het dat leerders op Vrydae slegs die volgende drag mag dra:

- amptelike skooldrag;
- JV-drag;
- dirigentedrag;
- eerstespan-baadjies van die huidige jaar;
- provinsiale en nasionale toekennings se formele drag; of
- Gauteng-Noordtoekennings se formele drag



Bewyse van die laaste twee genoemde items moet by mnr Du Rand ingedien word.

### 13. BERGROETE

Registrasie vir die gebruik van die bergroete open Donderdag 16 Januarie. Leerders wat belangstel om van die bergroete gebruik te maak of reeds die roete gebruik, moet aansoekvorms by me. Ismari Malan in die algemene kantoor kom haal. Aansoeke sluit 24 Januarie en slegs leerders wat die regte bewys van registrasie kan toon, sal toegelaat word om toegang te verkry tot die bergroete vanaf 27 Januarie - soggens en middag na skool. Die voetpadroete begin by Molopoweg 311, op die hoek van Ongerstraat en Edelweissweg, in Sinoville. Die roete is slegs beskikbaar vir voetgangergebruik.

Ons doen 'n beroep op ouers om die reëls noukeurig deur te lees, en streng daarby te hou. Kontak die algemene kantoor, Me Ismari Malan, vir enige navrae.

### 14. KOMMUNIKASIE MET DIE SKOOL

Hiermee rig ek ook 'n dringende versoek aan alle ouers om enige tyd wat u met die skool per e-pos kommunikeer oor die kind, u sal verseker dat u in die **ONDERWERPLYN van die e-**

☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein, Pretoria, 0186



**pos u kind se NAAM, VAN EN KLAS moet aandui.** Kosbare tyd word soms vermors om uit te vind op watter leerder die e-pos betrekking het.

JV-Ouers, die JV-personeel sien uit daarna om u **(ONS)** kinders weer terug by die skool en in die klasse te hê!

JV-groete.



**A DOWD  
HOOF**



☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein, Pretoria, 0186

